IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N07/1/A1AFR/HP2/AFR/TZ0/XX

88070002

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Wednesday 21 November 2007 (morning)
Mercredi 21 novembre 2007 (matin)
Miércoles 21 de noviembre de 2007 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.


© IBO 2007

*Skryf ‘n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord ‘n bespreking van Deel 2 werke van dieselfde genre insluit, indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal nie hoë punte behaal nie.*

**Drama**

**1.** (a) Dramatiese konflik kan geleë wees in botsende ideologieë of botsende persoonlike belange. Reageer op dié stelling deur na die gelese dramas te verwys en demonstreer hoe verskillende konflikte deur verskillende dramaturge hanteer word.

*of*

(b) Die tragedie word gekenmerk deur karakters wat gewoonlike fatale karaktergebreke in hul omdra. Oorweeg die geldigheid van die stelling deur na sommige van die bestudeerde dramas te verwys. Hoe oortuigend is die benutting van sodanige karakterbreuke in die verloop en afloop van die dramas?

**Poësie**

**2.** (a) “As prosakuns ’n vloeiende stroom is, dan is poësie ’n stil, stralende druppel aan ’n takkie.” Wat sê die stelling omtrent die wesenlike aard van die gedig? Verwys na gelese gedigte in jou respons.

*of*

(b) Die digter werk dikwels met ’n natuurbeeld ten einde ’n eie gemoedstemming te weerspieël. Deur na gelese gedigte te verwys, demonstreer hoe digters die natuur gebruik om hul innerlike toestand te verwoord.

**Roman**

**3.** (a) Die roman draai gewoonlik rondom een of twee (hoof)karakters wat stuwing en rigting aan ’n verwikkelde verhaal gee. In watter mate is die stelling van toepassing op die romans wat jy gelees het?

*of*

(b) Die lewensloop van mense word dikwels bepaal deur uiterlike gebeure. Kyk na romans wat jy gelees het en demonstreer hoe gebeure buite die beheer van karakters die verhaal sy loop laat neem.

**Kortverhaal**

**4.** (a) Die slot van die goeie kortverhaal laat die leser soms verras of soms nadenkend, maar altyd bevredig in die sin dat die verhaal tot ’n noodwendige einde gekom het. In watter mate word dié stelling deur die ontknopings in die gelese verhale vir jou bevestig? Verwys na ten minste drie kortverhale.

*of*

(b) Deur die optrede van ’n karakter in ’n kortverhaal te analiseer, is dit moontlik om hom/haar te karakteriseer. Demonstreer die geldigheid van die stelling deur na gelese verhale te verwys.

**Algemeen**

**5.** (a) Die lees van goeie letterkunde speel ’n belangrike rol in die sosiale en morele opvoeding van jongmense. Kan jy dié stelling takseer deur na sommige van die bestudeerde werke te verwys?

*of*

(b) Goeie letterkundige werke verouder nooit nie omdat dit met universele waardes werk wat nie aan tyd of plek gebonde is nie. Dit geskied deur ’n styl wat nuut en oorspronklik aandoen. Bespreek die stelling met verwysing na gelese werke.

*of*

(c) In die letterkunde kom ons intiem in aanraking met die swakhede en die uitnemendhede in talle karakters. Op die wyse leer ons om die swakhede en uitnemendhede in onsself en ander beter te identifiseer en te hanteer. Kan jy voorbeelde gee uit gelese werke wat jou spesifiek help om jou eie lewe beter te begryp en te hanteer?

*of*

(d) Op welke wyse is die skryf van letterkunde ’n ondersoek van die lewe self? Bespreek deur spesifieke verwysings na gelese werke.